



eduresourceza.com

Die hanswors – SJ Pretorius

Die hanswors

1 Oor sy afsigtelike boggel,
2 en kromheid, het hul hom gekoggel,
3 en bitterder was hul venyn
4 as sy vergroeide ruggraatpyn.

5 Tussen die diere in 'n hoek
6 het hy die eensaamheid gesoek:
7 “Met klere wat gedurig gaar is,
8 wat doen die vent met sy salaris?”

9 Hy't maandeliks by die poskantoor
10 'n brief gepos of een gelees
11 by die dierkratte, oor en oor:
12 “Sou daar tog êrens iemand wees?”

13 En daardie ewige reuk en drank:
14 nie een sou huil as hy bedank,
15 maar waar hy in die sirkustent
16 aapagtig teen die firmament,
17 hoog teen die takelwerk, kon klouter,
18 die dood uittart, en, klein kabouter,
19 sy duiwelstreke uithaal onder
20 dat almal skater vir die wonder,
21 is hy, hoeseer verag, verlate,
22 nog deur die baas beskou as bate.

23 Toe het 'n brief gekom eendag ...
24 Hy't oor die bed gebuk, verblind,
25 terwyl 'n boggelvroutjie, sag,
26 sterwend fluister: “Dankie my kind ...”



Agtergrond

SJ Pretorius se gedigte is dikwels oor die lyding/swaarkry van mense.

- Die toon van die meeste van sy gedigte is maar somber en pessimisties.

In “Hanswors” maak SJ Pretorius gebruik van ‘n figuur (hanswors/nar/harlekin) uit die sirkus om die ironiese situasie van die mens wat swaarkry en liggaamlike gebreke het, uit te beeld.

- Hierdie is ‘n verhalende gedig wat die storie van ‘n hanswors met ‘n boggelrug vertel.
 - Misvormde of gebreklige mense is dikwels as hansworse in sirkusse gebruik.
 - Hoewel hulle vir hulle deelname betaal is, het die spottery diep emosionele letsels gelaat.
 - Hierdie mense is dikwels deur die gemeenskap/samelewing uitgestoot.
- Terwyl die hanswors in die gedig mense laat lag, is hy die een wat vernedering en droefheid ervaar en agter die skerms huil.

“Kipose” is die mediese term vir iemand wat ‘n boggelrug het.

- Dit is nie goeie maniere om iemand ‘n “boggelrug” te noem nie.



Titel

As ‘n mens die titel lees, dink ‘n mens die gedig gaan snaaks/komies wees, maar dit is ‘n treurige gedig.

- Die funksie van ‘n hanswors in die sirkus is om die toeskouers te laat lag met die snaakse dinge/toertjies wat hy doen.
- Hansworse is die grapmakers in ‘n sirkus, maar hulle is dikwels bejammerenswaardige figure.
- Die hanswors in hierdie gedig laat die mense lag, maar ons lees dat hy eintlik ‘n tragiese mens is met ‘n hartseer geskiedenis.
- Die = bepaalde lidwoord. Verwys na die spesifieke hanswors.

Sintuiglike waarneming (Sinestesie)

Die hanswors en sy omstandighede word visueel aan ons beskryf.

- Ons sien hoe die hanswors lyk en wat hy doen – sintuig = sig
- Ons hoor ook hoe sy kollegas van hom skinder en hom tart en die toeskouers vir hom lag – sintuig = gehoor
- Reuksintuig – ons kan die drank ruik.

Tipografie

Die gedig het 5 strofes.

- 26 versreëls (4 kwatryne en 1 strofe met 10 reëls)

Kontraste

Opvallend is die kontras tussen die hanswors se werk wat mense moet vermaak/amuseer en sy hartseer lewe daarbuite as 'n eensame man wat met 'n gebrek lewe.

- Die mense se gespot (emosionele pyn) teenoor die hanswors se fisiese pyn van sy boggelrug.
- Misvormigheid (boggelrug) teenoor sy behendigheid/ratsheid in die sirkustent.
- Die diere aanvaar hom, maar nie mense nie.
- Hy word gehaat en vermy, maar is 'n aanwinst vir die sirkus.

Rym

- ❖ Strofe 1, 2 en 4 is paarrym = aabb
 Hier word die werksomstandighede van die hanswors bespreek.
- ❖ Strofe 3 en 5 is kruisrym = cdcd
 In hierdie strofes word sy persoonlike omstandighede beskryf.

Leestekens

Belangrike sake word uitgehef deur die gebruik van die dubbelpunt, ellips, kommas en die direkte rede.

- Direkte rede word nie net gebruik vir beklemtoning nie, maar ook om variasie te bring.

Stemming/Atmosfeer

Weemoedig/hartseer/swaarmoedig

Tema

Die ongelukkigheid van 'n mens met gebreke/wat misvorm is as gevolg van die onmenslikheid en onsensitiwiteit van die mense om hom.

- Die lyding van 'n mens met 'n gebrek.

Vooroordeel teenoor mense met gebreke.

Boodskap

Die gedig wys vinger na ons almal wat lag vir misvormde mense wat as hanswors in sirkusse gebruik word.

- Ons moenie neerkyk op mense wat “anders”/misvorm is of wat gebreke het nie.
- Ons moet onthou dat mense met gebreke dieselfde emosie en swaarkry verduur as mense sonder gestremdhede en verdien nie om gespot/verneder te word nie.

Derdepersoonspreker/Alomteenwoordige spreker

Die soort spreker is objektief.

- Hy gee die hanswors en die ander sirkusmense se woorde en gedagtes weer.

Strofe 1

Strofe 1 beskryf die hanswors se voorkoms en hoe hy daarvoor voel.

1	Oor sy afsigtelike boggel
2	en kromheid, het hul hom gekoggel,

Die hanswors het ‘n afgryslike boggel (hideous hump) en ‘n krom rug.

- As gevolg hiervan het die mense wat saam met hom werk (sy kollegas) hom geterg/gekoggel/getart/gespot.
 - Hulle het hom bespotlik gemaak.
- “afsigtelike” – lelike/afskuwelike/verskriklike
- “boggel” - boggelrug

Die harde “g” klanke (alliterasie) – weerspieël die moeilike lewe van die hanswors.

3	en bitterder was hul venyn
4	as sy vergroeide ruggraatpyn.

Inversie (omgekeerde woordorde) – wil die woord “bitterder” beklemtoon.

- **“bitterder”** = Die emosionele pyn wat hy a.g.v. hulle gespot/gemeenheid/venyn (viciousness/malice) moes verduur, was vir hom baie erger as die fisiese pyn (r.4) van sy vergroeide/skewe (twisted) ruggraat.
- Die vergroeide ruggraat is die rede hoekom hy misvorm is en ‘n boggel het.
 - Sy vergroeide ruggraat het gedurig fisieke pyn veroorsaak.
 - ✚ Ruggraatpyn (spinal pain)
- Onder al die grimering van die hanswors skuil daar baie pyn (fisiek en emosioneel).
 - Die hanswors word gedurig bespot en uigelag.
 - Hy is nie ‘n gewilde kollega in die sirkusgeselskap nie.
- ❖ Sy boggelrug is seer, maar die bespotting het hom seerder gemaak.

- Metafoor = die mense se lelike woorde word met die pyn in sy rug vergelyk.



Strofe 2

Strofe 2 gaan oor hoe hy vir ander mense lyk.

5	Tussen die diere in 'n hoek
6	het hy die eensaamheid gesoek:



Om weg te kom van die mense se gespot, het hy na die diere se hokke gegaan waar hy alleen kon wees.

- Hy het eenkant/alleen in 'n hoek tussen die diere gaan sit.
 - Hy het daar weggekruip.
 - Hy het verkies om sy tyd eerder tussen die diere te spandeer as tussen mense.
- Die absolute eensaamheid/alleenheid van die hanswors se bestaan, word beklemtoon deur te beskryf hoe hy homself eenkant hou/afsonder deur tussen die dierehokke te gaan sit.
- Die diere was waarskynlik sy enigste vriende in die sirkus.
 - Diere kan mense nie met woorde seermaak nie.
 - Diere aanvaar 'n mens soos jy is/verwerp hom nie.

Dubbelpunt (r.6) = Direkte rede volg – die direkte woorde van sy kollegas volg in r7-8.

7	"Met klere wat gedurig gaar is,
8	wat doen die vent met sy salaris?"

Sy klere was gedaan/stukkend/oud/verslete = "gaar".

- Hy lyk sleg en skep 'n armoedige indruk.
- Herhaling van die "g"- klank = alliterasie.
 - Beklemtoon hoe sleg hy lyk.
- "gedurig" = gereeld/gewoonlik/altyd.



Ons kry 'n **retoriese vraag** in reël 8.

- 'n Retoriese vraag – Ons verwag nie 'n antwoord nie.
 - Funksie – Dit betrek die leser by die gedig en laat jou dink.
 - Die retoriese vrae (verseëls 7-8 en 12) beklemtoon die harteloosheid van die hanswors se kollegas.

Omdat sy klere so gedaan is, skinder/wonder die mense/sy kollegas oor wat die man met sy geld/salaris wat hy by die sirkus verdien, doen.

- Dit suggereer dat hy nooit geld gehad het nie.
- Die aanhaling in verseël 7 en 8 is die mense/sy kollegas wat oor hom skinder.
 - As dit sy kollegas regtig so gepla het, kon hulle hom net gevra het.

Die feit dat hulle hom 'n "**vent**" noem, dui ook op die mense se ongevoeligheid teenoor hom/sien hom as agterlik/dink min van hom.

- "Vent" is 'n negatiewe woord.

Strofe 3

Intrige: Daar is moontlik iemand in sy lewe.

9	Hy't maandeliks by die poskantoor
10	'n brief gepos of een gelees

Elke maand het hy poskantoor toe gegaan om 'n brief te pos of te ontvang.

- Ons weet hy het ook briewe ontvang want daar word genoem dat hy 'n brief **gelees** het.
- Dit was die enigste roetine in sy lewe.
 - Maandeliks (elke maand) = hy het gereeld briewe gekry (gelees) en geskryf (gepos).
 - Hy het met iemand gekommunikeer.

Hy't – elisie/klankweglating – (hy het)

- Elisie kom voor ter wille van die ritme van die gedig of vir 'n bepaalde effek.

11	by die dierkratte, oor en oor:
----	--------------------------------

Hy het gaan wegkruip by die dierehokke (dierkratte) en daar sy briewe gelees.

- Soek weer die diere op; hy voel op sy gemak by die diere.

- Die woorde “oor en oor” sê vir ons dat die briewe vir hom baie belangrik was/baie beteken het.
 - Hy het hulle weer en weer (herhaaldelik) gelees.

Dubbelpunt (r11) = Direkte rede volg – die direkte woorde van sy kollegas volg in r12.

12	“Sou daar tog êrens iemand wees?”
----	-----------------------------------

Retoriese vraag = sy absolute eensaamheid of daar iemand is wat hom ken, word hier weer eens met die vraag beklemtoon.

Wanneer sy kollegas sien dat hy briewe lees, wonder hulle of daar dalk tog iemand kan wees wat vir hom omgee.

- Hier kan ons sy kollegas se verbasing waarneem oor die moontlikheid dat daar dalk tog iemand is wat vir hom kan omgee.
 - Hulle wonder half sinies of daar dalk tog iemand in sy lewe is wat vir hom omgee.
 - Hulle wonder wie die persoon is wat vir hom skryf.

Strofe 1 -3 verwys na die mense wat saam met die hanswors werk en ‘n mens verwag dat hulle hom sou respekteer en liefde betoon en nie verag soos wat hulle doen nie.

Strofe 4

Strofe 4 gaan oor die hanswors se doel/take in die sirkus.

13	En daardie ewige reuk en drank:
----	---------------------------------

Die hanswors word hier weer gekritiseer – nog iets wat hom afstootlik vir die mense maak.

- Hy ruik altyd/gedurig (ewige) na drank.
- Die reël suggereer dat hy gedrink het – dalk om sy pyn te vergeet/om te ontvlug.
 - Dit was miskien die enigste ding wat hom dalk beter oor homself laat voel het.
- **(Van die bronne sê “reuk VAN drank” en ander sê “reuk EN drank” = Ons kon geen uitsluiting kry oor watter een die korrekte een is nie. Dus sal leerders mooi na die reël moet kyk en dit verduidelik volgens hoe dit gevra word.)**
 - ❖ **Na aanleiding van bg. = die volgende verduideliking:**
 - **“reuk EN drank”**
 - **reuk = stink na sweet/vuil en dan nog die reuk van drank.**
 - **“reuk VAN drank”**
 - **Hy ruik na drank.**

“En” aan die begin van die strofe impliseer dat die spreker voortgaan om nog meer dinge te noem wat die hanswors ongewild by die mense om hom gemaak het.

Dubbelpunt: Die digter maak hier van die dubbelpunt gebruik om die volgende reël te beklemtoon.

- Na die dubbelpunt word 'n verduideliking gegee – niemand sal hom mis as hy bedank nie.

14	nie een sou huil as hy bedank.
----	--------------------------------

Die hanswors se kollegas (**almal** = nie een) sou nie jammer wees/of sleg voel/huil as hy bedank/die sirkus verlaat nie.

- Hulle wens hy wil bedank.
- “**nie een**” suggereer dat hy GEEN vriende onder sy kollegas gehad het nie.
 - Niemand sou oor hom treur nie.

15	maar waar hy in die sirkustent
----	--------------------------------

Die woord “maar” dui aan dat daar IETS is waarvoor die hanswors goed is.

WENDING (“maar”): Hy is goed in sy werk.

16	aapagtig teen die firmament,
17	hoog teen die takelwerk, kon klouter,

aapagtig = metafoor = soos 'n aap

- Hy is so rats soos 'n aap.



Die hanswors kon soos 'n aap tot teen die dak van die sirkustent (hiperbool: firmament = hemel) klouter/klim.

- Hy gebruik die maste en toue (takelwerk) van die tent om tot daar te kom, ten spyte van (t.s.v.) sy misvormde liggaam.
- Hy is baie rats.
 - Firmament – metafoor – so hoog soos die hemelruim.
 - ✓ Dit is asof hy hier vry kan wees.
 - ✓ Hy is nie bang nie.

Alliterasie = herhaling van die “k”-klank (woorde word uitgehef)

18 die dood uittart, en, klein kabouter,



Die woord “**kabouter**” beklemtoon hoe klein die hanswors is – amper soos ‘n dwergie.

- Kabouter is soort van ‘n bynaam wat hulle hom gegee het.
 - Sy afwyking (boggelrug) het sy groei gestrem en dus word hy klein kabouter genoem.
 - Kabouter – metafoor (klein soos ‘n kabouter)

Sy toertjies is lewensgevaarlik/doodsveragkend – hy tart die dood.

- Hy is nie bang (vreesloos) vir die dood nie en is baie dapper om so hoog te klim.
 - Die sirkusgangers snak na hulle asems as hy hoog teen die sirkusdak soos ‘n aap rondklouter en die dood uittart.

Alliterasie = herhaling van die “k”-klank (woorde word uitgehef)

19 sy duiwelstreke uithaal onder

Onder – hy is terug op die grond in die arena waar hy sy toertjies/duiwelstreke (manewales) uithaal.

- “**duiwelstreke**” (devilry) impliseer ook dat sy optrede amper ongelooflik vir gewone mense is –
 - daar moet iets boos omtrent hom wees.

20 dat almal skater vir die wonder,

Al die sirkusgangers (toeskouers) vind hom vermaaklik en lag lekker/luidkeels/skater van die lag vir die dinge wat hy aanvang.

- “wonder” = wonderwerk (kan nie glo wat hulle sien nie).

21 is hy, hoeseer verag, verlate,
22 nog deur die baas beskou as bate.

Ten spyte daarvan dat sy kollegas hom so verafsku/verag (despised) en al is hy ‘n alleenloper en ‘n uitgeworpene (outcast), beskou sy baas/die eienaar van die sirkus hom nog steeds as nuttig/as ‘n bate (asset) vir die sirkus en wil hy nie van hom ontslae raak nie.

- Die baas het die hanswors sonder respek behandel, maar sien hom nogtans as 'n waardevolle stukkie besitting/eiendom. (TEENSTELLING/IRONIE)
 - Hy was 'n uitstekende hanswors want vanweë sy ratsheid teen die toue en sy vermoë om mense te laat lag, was hy 'n aanwinst vir sy baas al het sy kollegas hom weggewens.
 - Die sirkusbaas het geweet die hanswors is goed vir sy besigheid (inkomste), maar sê en behandel hom sleg.

Dit is ironies dat al verag almal hom EN al is hy baie eensaam in sy werkplek, beskou die baas hom nuttig om mense na die sirkus te lok.

“verlate” aan die einde van die versreël = wil beklemtoon hoe alleen/eensaam die hanswors was.

Versreël 21 “,hoeseer verag,” (although intensely despised) is tussen kommas = inlassin/parentese (ekstra inligting).

Alliterasie van die “b” en “r”-klanke.

Strofe 5

Die intrige word nou voltooi - klimaks. In dié strofe is daar 'n wending/verandering.

23	Toe het 'n brief gekom eendag ...
----	-----------------------------------



Die woord “**toe**” dui daarop dat tyd verloop het en dat daar nou 'n wending in die gedig is: eendag het daar vir hom 'n brief gekom.

Inversie (omgekeerde woordorde) – “eendag” aan die einde van die versreël is ter wille van die rym EN

- dit beklemtoon dat daar eendag, net skielik, 'n brief gekom het wat anders as die vorige briewe was.

Die ellips ... (stippels) aan die einde van die versreël dui aan dat daar iets belangriker in hierdie brief staan as die ander wat hy maandeliks by die diere se hokke gelees het.

- Hy het dadelik op hierdie brief gereageer – hy het dadelik na haar toe gegaan.
 - Ellips (...) laat die leser wonder/dink wat in die brief geskryf is.

24	Hy't oor die bed gebuk, verblind,
----	-----------------------------------

Die toneel verskuif nou vanaf die sirkustent na 'n kamer waar hy oor 'n bed buk.

- Hy is verblind deur sy trane/hy huil. – wys emosie
 - Hy voel deernis/liefde vir sy ma.
 - Sy was die enigste persoon wat werklik vir hom lief was.
 - ✓ “verblind” is tussen kommas - beklemtoning

25	terwyl ‘n boggelvroutjie, sag,
----	--------------------------------

Die woord “boggelvroutjie” kan daarna verwys dat sy moeder ook liggaamlik misvormd was soos hy.

- Haar boggelrug kan ook weens ouderdom wees – sy is baie oud.
- Die verkleining is om te beklemtoon dat die vroutjie fisiek klein is.
 - Die verkleining skep ‘n atmosfeer van simpatie.
- “sag”: sy praat nie hard nie. “sag” & “fluister” sinoniem.

26	sterwend fluister: “Dankie my kind ...”
----	---

Die laaste brief wat hy ontvang het, het waarskynlik gesê dat sy moeder op sterwe lê en dat hy dadelik moes kom om haar te groet.

- Terwyl sy sterf, bedank sy hom, haar kind, vir alles wat hy deur die jare vir haar gedoen het.
- Die feit dat sy sê “my kind” of ook ‘n boggelrug het, gee te kenne dat die sterwende vroutjie sy ma is.
- Die ellips aan die einde van die versreël in die slotstrofe is ‘n aanduiding dat sy haar seun bedank vir die geld wat hy vir haar gestuur het.
 - Die ellips is ‘n aanduiding van wat hy elke maand met sy salaris gedoen het – hy het dit waarskynlik vir sy ma gestuur.

In die slotstrofe kry ons baie antwoorde op die retoriese vrae in die gedig.

- Hy het homself verwaarloos en ten spyte van sy vernedering en eensaamheid, by die sirkus aangebly sodat hy sy ma kon onderhou.
- Ons leer dat die hanswors ‘n sagte mens is wat vir sy ma gesorg het.
 - Sy kollegas het nie hierdie kant van die hanswors gesien nie want hulle het nooit moeite gedoen om hom te leer ken nie.

Daar is ook ironie in die slotstrofe.

- Hierdie man wat soveel vir ander omgee het, het geen liefde van sy medemens ontvang nie en
- hierdie man moes ander laat lag ten koste van homself.

Ons as lesers kan nie help om simpatie te hê/jammer te voel vir hierdie wanaangepaste, misvormde figuurtjie nie al is sy gedrag, voorkoms, drankmisbruik en anti-sosiale gedrag vir sy kollegas afstootlik/walglik (repulsive).

- Die leser se simpatie verdiep hier in die laaste strofe wanneer hy by sy moeder se sterfbed is.
 - Die leser besef dat hierdie patetiese mens nou niemand oorhet wat vir hom lief is nie.

VRAE

- 1 Gee 'n ander woord vir 'hanswors'. (1)
- 2 Waar het die hanswors gewerk? / Waar speel hierdie gedig af? (1)
- 3 Watter WOORD in strofe 1 dui aan dat die hanswors se krom rug/boggel lelik/afgrypslik/onaangenaam was om na te kyk? (1)
- 4 Die hanswors se pyn was fisies en emosioneel. (Strofe 1)
 - 4.1 Wat was die rede vir sy fisiese pyn? (1)
 - 4.2 Wat was die rede vir sy emosionele pyn? (1)
- 5 Waaroor is die hanswors gespot? (1)
- 6 Noem die TWEE redes waarom die mense die hanswors geterg het (volgens strofe 1). (2)
- 7 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.
 Die woord "venyn" (versreël 3) sê dat die mense (onbeskof / respekvol) teenoor die hanswors was. (1)
- 8 Watter fisiese pyn was gedurig/permanent deel van die hanswors se lewe? (1)
- 9 Wat was vir die hanswors erger as die pyn van sy vergroeide ruggraat? (1)
- 10 Haal die woord aan wat sê dat die mense die hanswors geterg het. (1)
- 11 Watter WOORD in strofe 1 wys daarop dat die mense se woorde die hanswors verneder het? (1)
- 12 Wat was die rede vir die hanswors se boggel? (1)
- 13 Haal EEN WOORD uit strofe 1 aan wat wys dat die hanswors 'n gebrek het. (1)
- 14 Die hanswors se kollegas was hatig/bitsig teenoor hom.
 Haal 'n WOORD uit strofe 1 aan om te bewys dat die stelling WAAR is. (1)
- 15 Hoekom, dink jy, was die gedrag van die hanswors se kollegas teenoor hom onaanvaarbaar? (1)
- 16 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.
 Die hanswors se ruggraatpyn het (minder / meer) geword. (1)

- 17 Die mense in die sirkus spot die hanswors. Watter TWEE APARTE WOORDE uit strofe 1 dui aan waarom hulle hom spot? (2)
- 18 Die spreker ervaar ook emosionele pyn. Wat is die oorsaak van sy emosionele pyn? Haal TWEE APARTE WOORDE uit strofe 1 aan wat 'n rede vir die pyn gee. (2)
- 19 Haal EEN WOORD aan wat sê dat die hanswors se ruggraat nie reguit was nie. (1)
- 20 Watter negatiewe effekte het die "afsigtelike boggel" op die hanswors se lewe gehad? Noem DRIE. (3)
- 21 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter neer, bv. 20E.

In versreël 3 word die woord "bitterder" ... gebruik.

- A sarkasties
B figuurlik
C letterlik
D ironies (1)
- 22 Beskryf die fisiese voorkoms van die hanswors. (3)
- 23 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen in hakies. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.
- Die sirkusmense het die hanswors geterg oor sy (skewe rug / kort liggaamsbou). (1)
- 24 Waarna soek die hanswors eerder as die geselskap van mense? Haal EEN WOORD aan. (1)
- 25 Waarheen het hy gevlug om weg te kom van die mense se bitsigheid? (1)
- 26 Noem die plek waar hy hom altyd afgesonder het. (1)
- 27 Wat was skynbaar die hanswors se enigste vriende in die sirkus en hoekom, dink jy, het hy spesifiek na hulle toe gegaan? (1)
- 28 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

Die klere wat hy gedra het, was ...

- A stukkend.
B modieus.
C te klein.
D nuut. (1)

- 29 Wat noem mens die soort vraag wat in versreël 8 gevra word? (1)
- 30 Hoekom wonder die mense wat die hanswors maandeliks met sy geld gedoen het? (1)
- 31 Noem DRIE dinge waaroor die mense geskinder het in die vorm van 'n retoriese vraag. (3)
- 32 Die hanswors se klere was netjies en heel.
Haal EEN WOORD **aan** om die stelling VERKEERD te bewys. (1)
- 33 Benoem die rymskema wat ons in strofe 1 en 2 kry. (1)
- 34 Haal EEN WOORD uit strofe 2 aan wat daarop **dui** dat die mense sonder respek van die hanswors gepraat het. (1)
- 35 Haal 'n WOORD uit strofe 2 aan wat wys dat die hanswors nie welkom by die sirkus was nie. (1)
- 36 Haal 'n WOORD uit strofe 2 aan wat 'n neerhalende/ongevoelige verwysing na die hanswors is. (1)
- 37 Waaruit kan ons aflei dat die hanswors geweet het wat sy kollegas van hom gesê en gedink het? (1)
- 38 Waarheen het hy gevlug om weg te kom van die mense se bitsigheid? (1)
- 39 Waarom word die woord "vent" (versreël 8) gebruik in plaas van die gewone woord "man"? (1)
- 40 Lees versreëls 5 en 6.
Haal die TWEE APARTE WOORDE aan wat wys dat die hanswors DEEL van die sirkus was, maar NIE WELKOM NIE. / Haal die TWEE woorde aan wat in kontras met mekaar staan. (2)
- 41 Hoekom sou die hanswors die eensaamheid wou soek? (1)
- 42 Wie is in versreëls 7 en 8 aan die woord?/ Na wie verwys die woord "hul"? (1)
- 43 Hoekom is die gebruik van die woord "vent" so gepas? (1)
- 44 Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 6? (1)
- 45 Waaroor het die mense in strofe 2 geskinder? (2)
- 46 Wat was skynbaar die enigste roetine in die hanswors se lewe? (1)

- 47 Waaroer het hierdie roetine die mense om hom laat wonder? (1)
- 48 Gee 'n WOORD uit die gedig wat dieselfde beteken as "dierehokke". (1)
- 49 Waaroer, dink jy, het die hanswors die brief oor en oor gelees? (1)
- 50 Wat is die funksie van die retoriese vraag in versreël 12? (1)
- 51 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter neer.
- Die vraag "Sou daar tog êrens iemand wees?" suggereer dat die mense ... was, omdat iemand vir die hanswors omgee het.
- A verlig
B verbaas
C hartseer
D bekommerd (1)
- 52 Waaruit kan ons aflei dat die hanswors ook briewe ontvang het? (1)
- 53 Haal 'n versreël uit die gedig aan wat wys dat die hanswors met iemand gekommunikeer het. (1)
- 54 Haal DRIE opeenvolgende woorde aan wat wys dat die briewe vir die hanswors baie belangrik was. (1)
- 55 Benoem die rymsoort wat in strofe 3 voorkom. (1)
- 56 Hoe gereeld het die hanswors die poskantoor besoek? (1)
- 57 Wat het die hanswors elke maand by die poskantoor gedoen? (1)
- 58 "Sou daar tog êrens iemand wees?" (Versreël 12). Waaroer het die mense hierdie vraag gevra? / Waaroer het die mense gewonder toe hulle hom 'n brief sien lees het? (1)
- 59 Hoe gereeld het die hanswors met iemand geskorrespondeer? (1)
- 60 Wat word met versreël 13 gesuggereer? (1)
- 61 Waaroer, dink jy, het die hanswors gereeld alkohol gebruik? (1)
- 62 Haal TWEE opeenvolgende woorde aan wat wys dat die hanswors nooit lekker geruik het nie. (1)
- 63 Die hanswors het gereeld na drank geruik.
- Haal EEN WOORD aan om te bewys dat die stelling WAAR is. (1)

- 64 Wat word deur die gebruik van “en” aan die begin van versreël 13 geïmpliseer? (1)
- 65 Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 13? (1)
- 66 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter neer.
- “En daardie ewige reuk en drank” (versreël 13) wys dat die hanswors ...
- A gesweet het van al die rondklouter en nou ruik hy sleg.
B tussen die diere geslaap het en nou ruik hy sleg.
C gedrink het en homself nie goed versorg het nie.
D altyd saam met die sirkusmense gedrink het. (1)
- 67 Hoekom sou die hanswors se kollegas nie hartseer wees as hy bedank nie? Gee DRIE redes. (3)
- 68 Die hanswors se kollegas wou nie hê hy moes bedank/weggaan nie.
- Haal ‘n versreël aan om die stelling VERKEERD te bewys. (1)
- 69 Haal TWEE opeenvolgende woorde aan om te bewys dat die hanswors GEEN vriende in die sirkus gehad het nie. (1)
- 70 Watter ooreenkoms is daar tussen die aap en die hanswors. (1)
- 71 Benoem die beeldspraak wat in versreël 16 voorkom. (1)
- 72 Noem die TWEE dinge waarmee die hanswors in strofe 4 vergelyk word. (2)
- 73 Verduidelik hoekom die woord “aapagtig” ‘n goeie woordkeuse is om die hanswors mee te vergelyk. (1)
- 74 Watter TWEE opeenvolgende woorde dui aan dat die hanswors se toertjies lewensgevaarlik was? (1)
- 75 “die dood uittart, en, klein kabouter,” (versreël 18)
- Benoem die onderstreepte halfrym. (1)
- 76 Waarmee vergelyk die toeskouers die hanswors se toertjies? (1)
- 77 Watter bynaam is vir die hanswors gebruik? (1)
- 78 Hoe het die toeskouers op die hanswors se toertjies gereageer? (1)
- 79 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

As die spreker in versreël 16 noem dat die hanswors “aapagtig” klouter, bedoel hy dat die hanswors baie ... was.

- A dapper
- B stadig
- C bang
- D rats (1)

80 Van watter nut was die hanswors in die sirkus? / Watter rol het die hanswors in die sirkus gespeel? Noem TWEE dinge. (2)

81 Watter WOORD dui aan dat die hanswors as gevolg van sy gebrek, baie klein was? (1)

82 Haal die versreëls aan wat beskryf hoe rats die hanswors was. (1)

83 Die toeskouers het die hanswors se toertjies geniet.
Haal 'n versreël aan om te bewys dat die stelling KORREK is. (1)

84 Noem die TWEE plekke in die sirkustent waar die hanswors sy manewales aangevang het. (2)

85 Waarom was die hanswors 'n “bate” vir sy baas? (1)

86 Bespreek die ironie wat in strofe 4 voorkom. (2)

87 Wat is die verskil in die gebruik van die dubbelpunt in versreël 6 en versreël 13? (2)

88 Watter woord in strofe 5 dui op 'n wending? (1)

89 Wat het die wending in die gedig veroorsaak? Gee TWEE feite. (2)

90 Noem drie tegnieke wat gebruik is om die wending in strofe 5 aan te dui. (3)

91 Waaruit kan ons aflei dat die vroutjie sy ma was? (2)

92 Haal 'n versreël aan wat daarop dui dat die hanswors hartseer oor die nuus van sy ma was. (1)

93 “Hy’t oor die bed gebuk, verblind,” (versreël 24)
Wat het die hanswors verblind? (1)

94 “terwyl 'n boggelvroutjie, sag,
sterwend fluister: Dankie my kind ...” (versreëls 25-26)

94.1 Op watter manier, dink jy, was die hanswors en die boggelvroutjie aan mekaar verbind? (1)

- 94.2 Watter fisiese ooreenkoms was daar tussen die hanswors en die boggelvroutjie? (1)
- 94.3 Wat was die konkrete bewys dat die boggelvroutjie sy ma was? (1)
- 95 Die spreker gebruik die verkleining vir die boggelvroutjie wat fisiek klein is. Watter ander funksie kan die verkleining ook hê? (1)
- 96.1 Wat is die stemming in hierdie gedig? (1)
- 96.2 Hoe word die stemming in die gedig ondersteun? (2)
- 97.1 Waarvoor het die boggelvroutjie die hanswors bedank? (1)
- 97.2 Watter gevolge het die daad vir hom gehad? (1)
- 98 Waarvoor het die hanswors sy geld gebruik? Noem TWEE dinge. (2)
- 99 Waarvan is die ellips, aan die einde van die gedig, 'n aanduiding? (1)
- 100 Gee 'n voorbeeld van ironie uit die hanswors se lewe. (2)
- 101 Die tema in hierdie gedig is vandag nog relevant.
Motiveer hoekom hierdie stelling WAAR is. (1)
- 102 Watter lewensles kan jy uit die laaste strofe leer? (1)
- 103 Hoe kry die spreker dit reg dat die leser jammer vir die hanswors voel nadat jy die hele gedig bestudeer het? / Hoekom voel jy jammer vir die hanswors aan die einde van die gedig? (1)
- 104 Hoe sluit die inhoud van die gedig by die titel aan? (1)
- 105 Blykbaar is 'n boggelrug 'n genetiese afwyking. Hoekom kan ons sê dat die stelling WAAR is volgens wat ons in die gedig lees? (1)
- 106 Verduidelik hoe tyd en ruimte in die laaste drie versreëls verander het. (2)
- 107 Ons lees in hierdie gedig hoe ander mense oor die hanswors gevoel het. Hoe voel jy teenoor die hanswors nadat jy die gedig gelees het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 108 Wat is jou mening oor die kollegas van die hanswors, sirkusmense en sirkusgangers se behandeling van die hanswors? Motiveer jou antwoord. (1)
- 109 Wat sou jy gedoen het om die hanswors beter te laat voel? (1)

- 110 Die hanswors het in sy werk aangebly terwyl die ander werkers hom sleg behandel het.

Hoe sou jy opgetree het as jy in dieselfde posisie as die hanswors was? (1)

- 111 “Dankie my kind ...” (reël 26)

Hoekom is dit funksioneel om die ma se direkte woorde hier te gebruik? (1)

- 112 Die mense wat saam met die hanswors gewerk het, het sy omstandighede verstaan.

Motiveer hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

- 113 Voltooi die paragraaf deur telkens EEN WOORD in te vul. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die leser kan afleidings oor die hanswors maak uit die woorde waarmee die spreker hom beskryf. “Aapagtig kon klouter” verwys na die hanswors se (113.1) ... en “klein kabouter” verwys na sy (113.2) (2)

- 114 ‘n Variasie van leestekens word in hierdie gedig gebruik. Hoekom is dit so effektief? (1)

- 115 Kies elke keer die letterkundige begrip uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en die letter neer, bv. 115 E.

KOLOM A	KOLOM B
115a) “hy’t”	A paarrym
115b) “Toe het ‘n brief gekom eendag ...”	B hiperbool
115c) “hoog teen die takelwerk, kon klouter, die dood uittart, en, klein kabouter”	C elisie
	D inversie

(3)

- 116 Kies elke keer ‘n woord uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en die letter neer, bv. 116 E.

KOLOM A	KOLOM B
116a) Dit verwys na die hanswors se liggaamsbou.	A aapagtig
116b) Dit verwys na die hanswors se toertjies.	B firmament
116c) Dit verwys na hoe rats die hanswors was.	C kabouter
	D duiwelstreke

(3)

- 117 Hoekom sou daar na die toertjies van die hanswors as “duiwelstreke” verwys word? (1)

- 118 Kies elke keer 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die sintuig in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en die letter neer, bv. 118 E.

KOLOM A	KOLOM B
118a) sig	A drank
118b) gehoor	B duiwelstreke
118c) reuk	C bitterder
	D skater

(3)

- 119 Hoekom sou jy sê dat strofe 3 en strofe 5 oor dieselfde onderwerp is? (1)

- 120 Kies elke keer die woord uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en die letter neer, bv. 120 F.

KOLOM A	KOLOM B
120a) Die ... het waardering vir talent getoon.	A sirkusbaas
120b) Die ... was bevooroordeeld.	B moeder
120c) Die ... was net gefokus op wins.	C hanswors
120d) Die ... is verstoot en beskinder.	D kollegas
	E skare

(4)

ANTWOORDE

- | | | |
|-----|---|-----|
| 1 | harlekyn/nar | (1) |
| 2 | sirkus | (1) |
| 3 | “afsigtelike” | (1) |
| 4.1 | vergroeide ruggraat | (1) |
| 4.2 | Die geterg van sy kollegas | (1) |
| 5 | Oor sy krom rug/boggel. | (1) |
| 6 | * sy krom rug
* sy boggel | (2) |
| 7 | onbeskof | (1) |
| 8 | vergroeide ruggraat | (1) |
| 9 | Sy kollegas se venyn/gespot. | (1) |
| 10 | “gekoggel” | (1) |
| 11 | “bitterder” | (1) |
| 12 | Hy het ‘n vergroeide ruggraat gehad. | (1) |
| 13 | “boggel” | (1) |
| 14 | “venyn” | (1) |
| 15 | (Eie respons) Almal verdien om met respek behandel te word. | (1) |
| 16 | meer | (1) |
| 17 | * “boggel”
* “kromheid” | (2) |
| 18 | * “venyn”
* “gekoggel” | (2) |
| 19 | “kromheid” | (1) |
| 20 | * Sy kollegas het hom geterg.
* Hy was baie eensaam.
* Hulle het van hom geskinder. | (3) |
| 21 | B/figuurlik | (1) |

- 22 * boggel
* vergroeide ruggraat
* klein
* krom (3)
- 23 skewe rug (1)
- 24 “eensaamheid” (1)
- 25 na die diere se hokke/dierkratte (1)
- 26 dierkratte (1)
- 27 die diere want hulle spot hom nie/aanvaar hom soos hy is. (1)
- 28 A/stukkend (1)
- 29 Retoriese vraag (1)
- 30 Sy klere was gaar/stukkend. (1)
- 31 * oor sy klere wat gaar is
* wat hy met sy salaris doen
* of daar êrens iemand in sy lewe is. (3)
- 32 “gaar” (1)
- 33 paarrym (1)
- 34 “vent” (1)
- 35 “vent” (1)
- 36 “vent” (1)
- 37 Hy het homself onttrek en alleen by die dierehokke gaan sit. (1)
- 38 na die diere toe. (1)
- 39 Om te wys hoe min hulle van hom gedink het. (1)
- 40 * “tussen” (deel)
* “eensaamheid” (onwelkom) (2)
- 41 Die mense was lelik met hom/het hom geterg. (1)
- 42 Die hanswors se kollegas/sirkusgangers. (1)
- 43 Die hanswors se kollegas dink maar min van hom. (1)

- 44 Dit dui die direkte rede in die volgende reël aan. (1)
- 45 * Oor die klere van die hanswors wat so gaar was en
* wat hy met sy salaris doen. (2)
- 46 Hy het maandeliks na die poskantoor gegaan om 'n brief te pos of om een te ontvang. (1)
- 47 Of daar iemand in sy lewe was wat vir hom omgee het. (1)
- 48 "dierkratte" (1)
- 49 Dit was vir hom belangrik/dit was van iemand wat vir hom lief was. (1)
- 50 Dit beklemtoon die totale eensaamheid van die hanswors oor of daar iemand in sy lewe is. (1)
- 51 B/verbaas (1)
- 52 Hy het 'n brief gelees. (1)
- 53 "'n brief gepos of een gelees" (1)
- 54 "oor en oor" (1)
- 55 kruisrym (1)
- 56 maandeliks/een keer 'n maand (1)
- 57 Hy het 'n brief gepos en een ontvang/gekry. (1)
- 58 Hulle kan nie glo dat daar iemand kan wees wat vir die hanswors omgee nie. (1)
- 59 maandeliks/een keer 'n maand. (1)
- 60 Die hanswors drink te veel. (1)
- 61 Om van sy fisiese/emosionele pyn te vergeet. (1)
- 62 "ewige reuk" (1)
- 63 "ewige" (1)
- 64 Die spreker gaan voort om nog meer dinge te noem wat die hanswors ongewild by die mense om hom maak. (1)
- 65 Daar is nog inligting wat volg. (1)
- 66 C/altyd saam met die sirkusmense gedrink het. (1)

- 67 * hy het sleg geruik.
* hy het na drank geruik.
* hy was nie gewild onder sy kollegas nie. (3)
- 68 “nie een sou huil as hy bedank” (1)
- 69 “nie een” (1)
- 70 Al twee is baie rats. (1)
- 71 Metafoor (1)
- 72 ‘n aap en ‘n kabouter (2)
- 73 Hy is so rats soos ‘n aap wanneer hy teen die toue van die sirkustent opklim. (1)
- 74 “dood uittart” (1)
- 75 alliterasie (1)
- 76 met duidwelstreke (1)
- 77 klein kabouter (1)
- 78 hulle het gelag (1)
- 79 D/rats (1)
- 80 * Hy laat die mense lag.
* Hy lok mense na die sirkus toe.
* Hy bring geld in vir die eienaar van die sirkus. (2)
- 81 kabouter (1)
- 82 “aapagtig teen die firmament/
hoog teen die takelwerk, kon klouter,” (1)
- 83 “dat almal skater vir die wonder” (1)
- 84 * bo teen die dak (firmament)
* onder op die grond (2)
- 85 Die hanswors het geld vir hom ingebring deur mense na die sirkus te lok met sy toertjies. (1)
- 86 Al word die hanswors deur almal verag en is hy eensaam, het sy baas hom gesien as ‘n bate en wou hy hom nie laat gaan nie. (2)

- 87 Versreël 6 dui aan dat die direkte rede gaan volg en in versreël 13 gaan 'n verduideliking volg. (2)
- 88 "toe" (1)
- 89 * Hy het eendag 'n brief van sy ma gekry
* wat sê dat sy op sterwe lê. (2)
- 90 * Inversie
* ellips
* die gebruik van die woord "toe" (3)
- 91 * sy het ook 'n boggelrug
* sy sê "my kind" (2)
- 92 "Hy't oor die bed gebuk, verblind" (1)
- 93 sy trane (1)
- 94.1 sy was sy ma (1)
- 94.2 hulle het altwee 'n boggel (1)
- 94.3 die vergroeide ruggraat (1)
- 95 simpatie (1)
- 96.1 swaarmoedig/hartseer (1)
- 96.2 * Sy kollegas verag hom/skinder van hom/behandel hom sleg
* sy ma lê op sterwe (2)
- 97.1 vir die geld wat hy vir haar gestuur het (1)
- 97.2 sy eie klere was gaar/het nie geld vir homself gehad nie (1)
- 98 * vir sy ma geld gestuur
* drank gekoop (2)
- 99 Sy ma bedank hom vir die geld/briewe wat hy gestuur het. (1)
- 100 * Al het die hanswors se kollegas hom geterg en was hy baie alleen, het die baas hom as 'n bate beskou.
OF
* Die hanswors het ander vermaak/laat lag, maar hyself was baie hartseer/alleen/eensaam. (2)
- 101 Mense staan vandag nog na mense met gebreke/praat met sulke mense asof hulle dom is (eie relevante antwoord) (1)

- 102 'n Mens moet vir jou ouers sorg/omgee. (1)
- 103 Die hanswors het nou niemand oor nie. Hy is nou heeltemal alleen. (1)
- 104 Die titel is "Hanswors" en die inhoud gaan oor 'n hanswors en sy lewe. (1)
- 105 Die kind en sy ma het 'n boggel en daaruit kan ons aflei dat altwee 'n vergroeide ruggraat het. (1)
- 106 * "Toe: wys daarop dat tyd verloop het en
* ruimte het verander vanaf 'n sirkustent na 'n kamer waar sy ma op sterwe lê. (2)
- 107 Ek voel jammerte/simpatie want hy is nou alleen in die wêreld/daar is niemand wat vir hom lief is nie. (eie relevante antwoord) (1)
- 108 Dit is sleg/onaanvaarbaar. Alle mense verdien om met respek behandel te word. (eie relevante antwoord) (1)
- 109 Ek sou sy vriend wees/Ek sou vir sy kollegas gesê het om op te hou met hulle slegte gedrag (eie relevante antwoord) (1)
- 110 Ek sou bedank/Ek sou ander werk soek. (eie relevante antwoord) (1)
- 111 Dit beklemtoon daardeur dat die vroujie sy ma was. (1)
- 112 As hulle sy omstandighede verstaan het, sou hulle hom nie geterg het of so sleg behandel het nie. (1)
- 113.1 ratsheid
113.2 liggaamsbou (2)
- 114 Belangrike sake word so beklemtoon/uitgehef. (1)
- 115a) C/elisie
115b) D/inversie
115c) A/paarrym (3)
- 116a) C/kabouter
116b) D/duiwelstreke
116c) A/aapagtig (3)
- 117 Sy toertjies was so ongelooflik dat mense nie kon dink dat 'n mens dit kon uitvoer nie. Dit was amper asof dit uit die borse was. (1)
- 118a) B/duiwelstreke
118b) D/skater
118c) A/drunk (3)
- 119 Altwee is oor sy ma. (1)

120a) E/skare

120b) D/kollegas

120c) A/sirkusbaas

120d) C/hanswors

(4)